ISEBE LEMFUNDO LEMPUMA KOLONI
EASTERN CAPE EDUCATION DEPARTMENT
OOS-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT

IIMVIWO ZEBANGA LESHUMI ELINANYE
GRADE 11 EXAMINATIONS
GRAAD 11-EKSAMEN

# NOVEMBER 2008

# DRAMATIESE KUNSTE

| | | |
|---|---|---|
| **IXESHA: 3 iiyure** | **TIME: 3 hours** | **TYD: 3 uur** |
| **AMANQAKU: 150** | **MARKS: 150** | **PUNTE: 150** |

*Skryf op die voorblad van jou antwoordeboek, na die woord "Vak"* –
**DRAMATIESE KUNSTE**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Jy word TIEN minute leestyd gegee.

2. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

3. AFDELING A bestaan uit VRAAG 1 en is VERPLIGTEND.

4. AFDELING B bestaan uit SES vrae: VRAE 2 tot 7. Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.

5. AFDELING C bestaan uit VIER vrae. VRAE 8, 9, 10 en 11. Beantwoord AL die vrae. VRAAG 11 het ŉ A en B. Beantwoord slegs EEN.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel van hierdie vraestel.

7. Slaan ag op die punte toegeken aan elke vraag.

8. Kennis opgedoen tydens die klas kan gebruik word om vrae te beantwoord, maar kreatiewe denke, kennis en houding sal tot jou voordeel strek.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: VERPLIGTEND

### VRAAG 1: REALISME

1.1

> "As teater daar is om die gemeenskap goed te dien, dan moet dit meer doen as slegs vermaak. Die teater ondervinding moet die gehoor verander op 'n manier en meer ingelig laat oor ander se lewens."
>
> *Dramatiese Kuns OBE vir FET, Graad 11 – bladsy 18.*

Skryf 'n konstruktiewe opstel van ±1½ bladsye (8 woorde per reël) en bespreek hoe die *Realist* se toneelstuk, wat jy hierdie jaar studeer het, die uittreksel implementeer. Jy moet die toneelstuk benoem en bespreek die sentrale temas wat dit ondersoek. (20)

1.2 Pas die item in KOLOM B met die item in KOLOM A. Skryf slegs die nommer en letter neer, bv. 1D, 2H.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 1 | Karakter spreek sy gedagtes luid uit | A | Chekov |
| 2 | Oorsprong van mensdom | B | George B. Shaw |
| 3 | Mense het voeling met God verloor | C | Nietzche |
| 4 | Bekend as die Vader van Moderne Drama | D | Punt gevolg deur onlogiese antwoord |
| 5 | Takel sosiale en politieke ongeregtighede | E | Athol Fugard |
| 6 | Die Kersie Boord | F | Stanislavski |
| 7 | Die sisteem vir akteurs | G | Alleenspraak |
| 8 | Siener in die Suburbs | H | P.G. du Plessis |
| 9 | Meester Harold en die seuns | I | Charles Darwin |
| 10 | Karakter maak 'n aanmerking na die gehoor | J | Na die kant toe |
| | | K | Hendrik Ibsen |
| | | L | Beginsel van drama |

(10)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

### VRAAG 2: TEGNIES

2.1 Noem die persone wat betrokke is en verseker dat ŉ teaterproduksie suksesvol, behalwe die akteurs. Watter werk verrig hierdie mense in die teater? (10 x 2) (20)

2.2 Kies ŉ toneel van ŉ drama wat jy bestudeer het en teken ŉ bo-aansig van die stel met byskrifte van die verhooguitleg van ŉ spesifieke toneel. Noem die drama en die toneel. (10)

**[30]**

### VRAAG 3: SUID-AFRIKAANSE TEATER

3.1 3.1.1 Verskaf die definisie van *Ntsomi*, die tradisionele Xhosa ritueel. (3)

3.1.2 Beskryf enige tradisionele gemeenskapsritueel. (3)

3.1.3 Wat spesifiek spreek musiek blyspele soos *Distrik Ses* en *Sophiatown* aan? (4)

3.1.4 Bespreek kortliks hoe die sosiale-politiese omstandighede van apartheid in Suid-Afrika die groei van inheemse teater bevorder het. (5)

3.2 Lees die volgende uittreksel uit Boesman en Lena:

| | |
|---|---|
| Boesman: | Why do I hit you?<br>Why? … Lena, to keep your life warm? Learn leave your bruises on earth. |
| Boesman: | *(another blow)* Why? |
| Lena : | *(still quietly)* Maybe you just want to touch me, to know I'm here.<br>Try it the other way. Open your fist, put your hand on me.<br>I'm here. I'm Lena! |
| Boesman: | Lena!<br>*(Another blow, the hardest. He looks at her and nods.)*<br>Lena ... and I am Boesman. (*holding up his palm)* It doesn't hurt. |
| Lena : | (*the first note of outrage)* And when it's me?<br>Does that hurt you? What have I done, Boesman?<br>It's my life. Hit your own. |

3.2.1 Beskryf Boesman se liggaamstaal wanneer hy die eerste reël sê. (2)

3.2.2 Gee TWEE redes vir jou antwoord in VRAAG 3.2.1. (2)

3.2.3 Skryf die eerste woord wat Lena in reël 3 beklemtoon, neer. (1)

3.2.4 Verduidelik wat Lena vir Boesman probeer sê in reël 6. (2)

3.2.5 Wanneer Lena reël 7 sê, dink jy sy sal fisiese kontak met Boesman maak of nie? Motiveer jou antwoord. (2)

3.2.6 Stel voor waarom Boesman knik na hy Lena geslaan het in reël 10. (2)

3.2.7 Lena verteenwoordig baie vroue wat deur mans misbruik word. Waarom, dink jy, verkies baie vroue om in die omstandighede te bly? (2)

3.2.8 Wat dink jy dryf baie Suid-Afrikaanse mans om vrouens te misbruik? (2)

**[30]**

## VRAAG 4: PAN-AFRIKA TEATER

4.1


> "Jy het ŉ goeie naam wat die verbeelding aantrek, want verbeelding is iets van die gees, dit moet die aandag van die skare trek. Mens moet met die moderne tyd beweeg. Weglating van kleur bring jou nêrens nie, nie eers in ŉ waarsêer se besigheid nie (*Kyk om hom rond*)
>
> Charlatons! (namaaksels) As ek net die strand vir myself kon hê. (*skielike aggressie*) Maar hoe behou jy jou integriteit as die dogter van Eva jou uit jou eie huis forseer deur ŉ venster? God vervloek daai vrou! Ek het nooit gedink sy sal dit waag om die teenwoordigheid van ŉ man van God bevraagteken nie. Een pond agt vir die klein kaap. Dit is loutere diefstal.

Bestudeer die uittreksel uit "*The Trials of brother Jero*" deur Wole Soyinka. (ŉ Charlaton is ŉ namaaksel.)

Watter kwessies, tipies van PAN-AFRIKA teater word in die uittreksel uitgelig? (3)

4.2







Hierbo is ŉ toeris se foto's van die Draak fees in Mali.
Watter bewyse sien jy van ŉ tipiese Afrika-seremonie? (5)

4.3 Op watter wyses kan die seremonies gesien word as teater? (3)

4.4 Op watter wyses kan die seremonies NIE gesien word as teater NIE? (3)

4.5 Watter Pan-Afrika skrywer het jy bestudeer? (1)

4.6 Wat word bedoel met “orale tradisie”? (3)

4.7 Wat beteken opvoer area? (3)

4.8 Beskryf die fees tradisie wat in jou kultuur gevier word. Noem die tradisie, beskryf wat die rituele betrokke behels en die opvoeringsarea waar dit plaasvind. (5)

4.9 Suid-Afrika bestaan uit baie kulture. Verduidelik waarom dit nodig is om kulturele verdraagsaamheid aan te leer? (4)

**[30]**

## VRAAG 5: OOSTERSE TEATER

5.1 Verduidelik op watter manier die Noh toneel wat jy bestudeer het tipies is van Noh teater? (2 x 3) (6)

5.2 Hoe verwag jy sal die toneel in tradisionele Noh styl opgevoer word? (5)

5.3 Verduidelik hoe jy Kabaki mei's (postuur) in wraak improvisasie sou kon gebruik. (4)

5.4 Hoe oud is die Peking Opera? (2)

5.5 Behalwe sang en dialoog, watter ander elemente van drama kan ʼn lid van die gehoor in die Peking Opera verwag? (5)

5.6 Gee DRIE maniere van optrede deur die gehoor wat in die Ooste aanvaarbaar sal wees, maar nie in ʼn standaard Westerse realistiese opvoering nie. (3)

5.7 Wat is dieselfde in die gebruik van musiek in Peking Opera en film? (1)

5.8 Wat is dieselfde in verband met die manier hoe film en die Peking opera rekwisiete gebruik om plekke, status, ens. voor te stel? As regisseur van ʼn skool toneelstuk, hoe sal jy twee rekwisiete gebruik om die huis van ʼn belangrike stamhoof in Afrika voor te stel. Verduidelik/Motiveer jou denkwyse. (2 x 2) (4)

**[30]**

## VRAAG 6: AMERIKAANSE TEATER

6.1 Lees die uittreksel hieronder uit die onbekende teks, *Speelgoed van Glas (The Glass Menagerie)* deur Tennessee Williams waar Tom en sy ma, Amanda, tydens ontbyt gesels. Beantwoord die vrae wat op die uittreksel volg.

> Amanda: Al die jare moes ek alleen baklei. Maar jy's my regterhand. Moet my nie in die steek laat nie, asseblief!
>
> Tom: *(Teer)* Ek sal probeer, Moeder.
>
> Amanda: *(Met groot entoesiasme)* Probeer net, en jy sal sien! *(Die gedagte maak haar skoon uitasem).* Altwee my kinders het soveel gawes ontvang! Altwee – is sulke buitengewone kinders! Dink jy ek weet dit nie? Ek is so – trots! Gelukkig en ... weet dat ek so bale het om voor dankbaar te wees ... maar belowe my een ding, my kind!
>
> Tom: Wat's dit, Moeder?
>
> Amanda: Beloof my, jy ... jy sal nooit ’n dronklap word nie!
>
> Tom: *(Glimlag)* Ek sal nooit ’n dronklap word nie, Moeder.
>
> Amanda: Dis my grootste vrees, dat jy sal begin drink. Wil jy nie iets eet nie? Eet ’n bakkie Puringe!
>
> Tom: Net koffie, Ma.
>
> Amanda: Graanbeskuitjies?
>
> Tom: Nee dankie. Net koffie, Ma.
>
> Amanda: Jy kan nie gaan werk op ’n leë maag nie. Jy't tog tien minute – moenie so vinnig sluk nie! Te warm vloeistowwe gee ’n mens maagkanker ... Gooi ’n bietjie room in.
>
> Tom: Nee dankie.
>
> Amanda: Om dit af te koel.
>
> Tom: Nee! Nee dankie. Ek hou van swart.
>
> *(Vertaling deur Mariekie Longhurst met vergunning van DALRO)*

6.1.1 Beskryf die verhouding tussen Tom en sy moeder soos aangetoon in die uittreksel. Regverdig jou kommentaar deur na die uittreksel te verwys. (6)

6.1.2 Tom weier die room en ontbyt herhaaldelik in reëls 16, 20 en 22. Verduidelik hoe die akteur, wat die rol van Tom vertolk, toonhoogte en tempo kan gebruik in elke reël om sy groeiende irritasie met sy moeder te toon. (2 x 3) (6)

6.1.3 Verwys na Amanda se woorde in reël 4. Haar kommentaar verteenwoordig die mite van die *Amerikaanse Droom* wat ŉ tema in baie Amerikaanse dramas is.

a) Verduidelik wat jy onder die tema *Amerikaanse Droom* verstaan. (5)

b) Bespreek hoe hierdie tema van die *Amerikaanse Droom* in die Amerikaanse drama wat jy bestudeer het, voorgestel word. (5)

6.2 Jy is die regisseur van die toneel. Watter advies sal jy die aktrise, wat Amanda speel, gee? (4)

6.3 Wat verstaan jy onder teater realisme? (4)
**[30]**

**VRAAG 7: ELISABETHAANSE TEATER**

In "Die Koopman van Venesië" vermom Portia haarself as ŉ man om ŉ prokureur voor te stel om die man, vir wie sy lief is, te verdedig.


7.1 Op watter manier is dit tipies Elisabethaanse teater? (5)

> In "Antony en Cleopatra" se finale toneel wanneer Antony homself doodgemaak het om nie deur die ROMEINSE Weermag gevang te word nie, sê Cleopatra (sy geliefde en die Koningin van Egipte)
> "As dit vir my was
> Om my septer te gooi na die beseerde gode,
> Vir hul te sê hul wêreld is gelykstaande aan ons sin,
> Tot hul ons juweel gesteel. Als misluk tot niks."
>
> ŉ "Septer" is ŉ staf met ŉ bal op die punt, gebruik om die mag en outoriteit van ŉ koning of koninging te simboliseer.
> "Beseerde" in die konteks beteken seergemaak die gode het haar leed aangedoen deur Antony dood te maak.
> Die "juweel" verwys na Antony, en
> "Als misluk tot niks" beteken dat als sinneloos is.

7.2 Op watter manier is die uittreksel tipies Shakespeariaanse taal? (5)

7.3 As jy die rol van Cleopatra vertolk, hoe sou jy die laaste twee lyne van die uittreksel lewer? (4)

7.4 Verwys na die onderstaande prent:




Watter Elisabethaanse teater (herbou in moderne tyd) word deur die prent verteenwoordig? (1)

7.5 Noem EEN ander Elisabethaanse teater. (1)

7.6 Wat is die belangrikheid van die vlag? (1)

7.7 Verwys na byskrifte 1 en 2 en lewer kommentaar op Elisabethaanse gehore. (4)

7.8 Watter uitwerking het die oop dak op die teks van baie dramas gedurende hierdie tyd gehad? (2)

7.9 Waarvoor was die balkon gebruik? (1)

7.10 Met verwysing na die Elisabethaanse toneel wat jy bestudeer het, verduidelik hoe die oortuigings van Elisabethaanse Engeland in die werk weerspieël word. Gee spesifieke voorbeelde uit die teks. (6)

**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**

## AFDELING C

### VRAAG 8: STEM

Lees die volgende beoordelaar se kritiek:

| |
|---|
| "Interessante keuse van poësie. Wees bewus van jou postuur ten alle tye. Druk woorde behoorlik uit. Daar is ŉ geneigdheid van die kandidaat om haar woorde aan die einde te sluk. Oë dwaal die kamer vol. Kon nie altyd hoor wat gesê word nie." |

8.1 Identifiseer DRIE swakhede van die kandidaat. Nommer dit (a), (b) en (c). (3)

8.2 Watter oefening sou die kandidaat kon help om (a), (b) en (c) wat in VRAAG 8.1 hierbo genoem is, te verbeter? (3)


8.3 Noem DRIE redes waarom korrekte asemhaling noodsaaklik is vir ŉ akteur. (3)

8.4 Waarom kritiseer die beoordelaar die dwalende oë? Wat is verkeerd? (1)

**[10]**

### VRAAG 9: BEWEGING

Bestudeer die onderstaande prent:



9.1 Watter opwarmingsoefening sou jy akteurs gee om hierdie bewegingstuk uit te voer? (5)

9.2 Watter soort musiek sal jy gebruik en verduidelik waarom? (5)

9.3 Jy moet ŉ dans drama doen geïnspireer deur hierdie prent. Wat sal jou basiese storielyn wees? (5)

**[15]**

## VRAAG 10: LOOPBANE

| |
|---|
| Jy het die verskeie loopbane in Dramatiese Kunste bestudeer. Jou onderwyser vra dat jy 'n plakkaat ontwerp om ander leerders, wat NIE goed in toneelspel is NIE, te motiveer om Dramatiese Kunste as vak te neem. |

10.1 Teken die plakkaat op jou antwoordblad.
Gebruik die hele A4 folio. Begin die plakkaat met die opskrif:
"Met Dramatiese Kunste as vak kan jy …"
Jy moet ten minste 6 loopbane in verskillende rigtings lys.
Die oorblywende drie punte is vir jou ontwerp. (6 + 3) (9)

10.2 Stel jou voor dat lede van jou familie negatiewe menings geuiter het rakende jou vakkeuse van Dramatiese Kunste. Skryf 'n kort brief aan jou tante waarin jy verduidelik waarom Dramatiese Kunste NIE 'n slegte loopbaankeuse is nie, al wil jy geld eendag maak. (Neem in ag beide die vaardighede wat oorgedra kan word in Dramatiese Kunste en die finansieel uitvoerbare opsies in Dramatiese Kunste.) (6)

**[15]**

## VRAAG 11: KEUSE TUSSEN: A. MEDIA en B. LEWENDIGE TEATER

### A. MEDIA

11.1 Watter mense is betrokke op ŉ filmstel? (6)

11.2 Wanneer jy in die filmbedryf werk moet jy die afkortings in tekste ken.
Wat beteken die volgende afkortings?

11.2.1 POV

11.2.2 ECU

11.2.3 LS (3 x 3) (9)

11.3 Noem die film wat jy die jaar bestudeer het en hoe dit jou lewe beïnvloed het. (5)
**[20]**

**OF**

### LEWENDIGE TEATER

Die volgende vraag verwys na ŉ lewendige uitvoering wat jy die jaar gesien het. Dit maak nie saak of dit deur jou medeleerlinge uitgevoer was, of dit uitgevoer was deur ŉ teatergeselskap, of ŉ professionele teateropvoering was nie.

11.4 In nie meer as 60 woorde nie, beskryf die inhoud en styl van die uitvoering. Verwys na style wat jy bestudeer het as verwysing. (10)

11.5 Wat is die voordele van lewendige teater teenoor film? (5)

11.6 Wat is die teater etiek wat verwag word van ŉ gehoor in die Staatsteater in Suid-Afrika? (5)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**

**GROOTTOTAAL: 150**